Concordia Gebedsbrief
15 MAART 2020

Liewe gebedsvriende,

HERE VAN MY LEWE.

Wat beteken dit dat God die Koning is van elke gelowige se lewe? Dit is wonderlik om God se Wil en Woord te gebruik ter bevestiging van ons lewenswandel, want dit gee ons sekerheid van die pad en rigting waarop ons loop. Maar hoeveel keer gebeur dit dat ons 'die Here se wil' soek, maar eintlik ons eie kop en besluite volg?

Dit is 'n vraag wat die Woord baie aanspreek deur verskeie verhale in die Bybel. Elke gelowige karakter in die Bybel moes homself telkens toets en vra: Wie is die Here van my lewe?

Vir elke gelowige is die antwoord: In God en deur Jesus Christus.

Die antwoord kan nie 'ek' wees nie, want liefde en genade kom van God af. Dit is waarom vergifnis (soos die Nuwe Testament ons leer) so besonders is – dit kom nie uit my nie, maar deur my uit Christus ons Here. Gevolglik, wanneer ek nie Sy liefde, genade en vergifnis beoefen nie, dan is dit my besluit en word ek 'here van my besluite en lewe'.

Alles is in Hom, deur Hom en tot Hom. My gesin, werk, verhoudings, besluite, keuses en selfs finansies – alles is aan my toevertrou om Sy koninkryk te bou tot Sy eer.

In die praktyk is dit moeilik. Daarom is dit belangrik om mekaar te ondersteun deur vir mekaar te bid en mekaar te herinner aan God se doel vir ons lewens – om Sy Koninkryk te bou deur Sy liefde te leef waar ons ookal is.

Matteus 22:3 *– "En die tweede (gebod), wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'"*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Oor die Paastyd kry mens baie boodskappe wat die betekenis van die kruisgebeure uitdruk.

Die volgende boodskap het dit puik beskryf...

'n Gholf stok in my hande beteken nie veel nie. 'n Gholf stok in Ernie Els se hande beteken 'n paar miljoen rand. Dit hang af in wie se hande dit is...

'n Stok in my hande kan gebruik word vir selfverdediging. 'n Stok in Moses se hande het die see geskei. Dit hang af in wie se hande dit is...

Twee vissies en vyf brode in my hande beteken 'n paar vis-toebroodjies. Twee vissies en vyf brode in God se hande beteken kos vir duisende. Dit hang af in wie se hande dit is...

Met spykers in my hande kan ek 'n kassie bou. Spykers in Jesus se Hande beteken Oorwinning & Verlossing vir die hele wêreld. Dit hang af in wie se hande dit is...

So, sit jou bekommernisse, jou vrese, jou hoop, jou drome, jou familie, jou verhoudings -ALLES- In God se Hande.

Onthou - Dit hang af in wie se hande JY is! Jy is in God se hande!

Opgestel deur Ds Chris

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

BID SAAM VIR:

- Ons jaarlikse Wieledag
- Pinkster geleentheid saam met Prof. Jan van der Watt
- Gemeente Aktiwiteite vir die res van die jaar
- Werkloosheid en armoede in die land

SELGROEP-GEBEDSLYS:

_____

_____

_____

_____